

# BRIEWE, VRAE EN TERUGVOERING!

Die e-pos dokumente kom nou daaglik in van ons Droomdorpe, met ongelooflike ambisieuse projekte. Ek sal Outjo, Bonnievale, Hertzogville, Utrecht en Calitzdorp se briewe op hul eie aanstuur sodat julle kan sien hoe hulle dit doen.

Ons is besig om 'n media blad te skep op SADOGOOD. Kan julle asb alle koerantdekking insake julle Droom-aktiwiteite skandeer en vir my per e-pos aanstuur.

Volgende week maak ons weer 'n draai op Oudtshoorn en dan moet ek op Calitzdorp inloer. Hulle Droom groot! Ons het sommer gou-gou ook 'n vertaler gekry om die dokumentasie in Engels te vertaal. Kan julle sien hoe baie mense is bereid om die land by te staan. Lees asseblief deur die briewe en vrae en gebruik die inligting wat julle op juiself van toepassing kan maak:.... Droom-Groete en sterkte met jul beplanning.

**OUTJO VRAAG** *"Wil graag hoor hoe julle gemaak het met die insamel van steggies by die skool. Ek wil dit graag na die winter ook by ons skool doen en dan areas spesifiseer waar hulle vir ons kan help plant. Het net bietjie leiding nodig. Het julle vir spesifieke plante gevra of net gekyk wat almal bring en daarmee gewerk?" Baie dankie vir al jul bystand!*

**Antwoord:** 'n Instansie het vir ons die 10-liter sakkies geborg. Elke skoolier het vyf sakkies gekry wat hulle moes vul met 'n plant, boom of steggie. Die wat hul sakkies leeg terug gebring het, moes R5 aan die skool betaal. Die klas wat die meeste plante ingesamel het, het 'n skooldag afgekry. Die plantjies is almal skool toe gebring en soort by soort gepak. Al die dromers wat parke en openbare plekke gehad het, kon eerste kies uit die voorraad. Daarna het ons die oorblywende plante uitgedeel aan die minder bevoorregtes in ons gemeenskap. Dit is 'n goeie geleentheid om die kinders op te voed in hoe 'n steggie lyk en hoe om plantjies in te lê. Julle kan hulle 'n aanduiding gee van wat julle voorkeur plante is maar moet nie dit op hul afdwing nie, almal het nie die verskeidenheid tot hul beskikking nie. Elke kind het 'n pamflet gekry waarop hulle d.m.v. sketse kon sien hoe hulle moet steggies maak en plant. Foto van al die leerders wat ons in die plaaslike koerant geplaas het om die gemeenskap ook bewus te maak van wat in hulle dorp gebeur.



## BRIEF: JAN ODENDAL, DROOM-ONDERSTEUNER

*Dit lyk soos n veldbrand van nuut dink en doen. Elke gemeenskap het nog altyd sy staatmakers gehad en so sal dit altyd bly. Dit is ook slegs diegene met n ingebore trots en omgee wat n verskil maak en ware lewensvreugde ervaar. Die beginsel van GEE en nie kyk wat die lewe ofjo u medemens jou skuld nie. Die trots op n mooi, skoon dorp waarvan mense nou deel word, oortref die negatiewe berigte van mense wat in die strate raas agv. Gebrekkige dienslewering en onbeholpe amptenare. Nog veel moet gedoen word om hierdie suksesverhaal bekend te stel en aan die groot klok te hang. Ek is Maandag in gesprek met Minister Winde van Handel en Toerisme en senior amptenare en sal die geleentheid gebruik om hom in te lig aangaande die Droom-projek. Ons sal aanhou totdat hulle kennis neem en saam op die wa klim. Baie geluk met die keurige taalgebruik deur Johanna. Dit is net so belangrik om sodoende n boodskap van trots op ons pragtige taal uit te stuur. Baie groete en geluk!*

## VREDENDAL VRAAG

*"Theuns hoe laai ons foto's op?"*

**Antwoord:** Heg dit net aan as 'n aanhangsel tot jou e-pos maar liefste nie groter as 75 KB jpeg. nie en gee net kort beskrywing. E-pos dit dan vir my en Christo by [SADOGOOD-christo1964@gmail.com](mailto:SADOGOOD-christo1964@gmail.com)

## KIRKWOOD VRAAG

*"Dagsê, Theuns. Dankie vir jou reisverslag en gesels. Ek het baie drome vir al die skole in Kirkwood. Sportbyeenkomste, konserte in die sale [Rietberg]. Ek het met die Korrektiewe Dienste gepraat oor 'n konsert waar ons ook die gevangenes betrek. Hy sê daar is ontsettend baie talent [musiek en 'acting'] onder die manne en vroue. Alweer 'n moontlike eerste in RSA. Ook talent uit al die ander gemeenskappe en skole. Dit sal baie bydra tot die geldkoffers en die bou van versoening. Wat van 'n kunsuitstalling van die kinderkuns uit die gemeenskap en al die skole gekombineer met 'n lekker kerrie vetkoekaand en so meer. Soos gesê droog ons fondse [DG Murray Trust] op einde Augustus. Dit hou my aan die lewe en ons gee professionele opleiding aan almal betrokke by die skole. Dit is soos ek vir jou vra om vir al die droomskole nuwe planne vir herbouing te ontwerp. Ek sal baie graag na Augustus by die verbetering van al die skole in Kirkwood betrokke wil wees. Ek kan egter nie my professionele hulp aanbied sonder een of ander vorm van vergoeding nie. Wat van AHI / Agriforum -----? Kan jy help?"*

**Antwoord:** Ons het "Prof" se brief aan verskeie instansies gestuur want wat hy hier mee besig is, is eenvoudig 'n wenresep vir opvoeding in SA.

## KAREEDOUW VRAAG "Kan jy asb vir my die naam gee van die plantjie wat molle weghou"

**Antwoord:** Hi Ben, ek het die plantjie op Mosselbaai gekry by hul Rolbalklub wat my verseker het dat dit molle weghou. Ek het 'n foto aan Dave Pepler, die groen kenner wat op RSG middag praat, gestuur om net eers die beweringe te bevestig.



## JEFFREYSBAAI VRAAG

Baie dankie vir die blootstelling op RSG. Ons waardeer dit baie.

Daar is heelwat projekte wat inwoners alreeds mee besig was en wat ons onder die Droom vaandel wil sit. Daar is ook heelwat projekte wat voorgestel is en wat hopelik gou beslag sal kry. Die foto wat ek aanheg, is na afloop van ons eerste projek geneem – die verfraaiing van die hoofstrand parkeerarea. Ons het jou raad gevolg en 'n munisipale amptenaar (en sy bakkie!) op die foto! Ons is in die proses om 'n afspraak te maak om die Burgemeester te sien. Ons het jou advies oor 'n paar sake nodig.

**Wie kan betrokke raak?** In Jeffreysbaai is daar baie drukgroepe (Save Thyspunt, Supertubes Foundation, vir en teen windplase, vir en teen ontwikkeling) en kerke/ kulturele groepe en politieke partye. Ons is baie bang dat die inisiatief deur drukgroepe vir hul eie doeleindes misbruik sal word.

**Antwoord:** Hi Ernst, dit is verblydend om te sien wat julle al in so kort tydjie kon vermag. Dit is 'n baie goeie vraag. Enige beweging wat druk op jou gemeenskap uitoefen het 'n verdelende invloed op publieke deelname wat jou gemeenskapspoel verklein. Indien hulle wil bydra tot 'n projek om die dorp op te knap, verseker, dan moedig jy hulle aan.

“Jou riglyn om van politiek weg te bly is baie duidelik. Die plaaslike DA vrouevereniging wou 'n paar randstene gaan verf (wou by ons kwaste leen!) – vriendelik van die hand gewys.”

**Antwoord:** Hulle kan gerus verf as 'n DA Projek, kyk of jy nie die ANC Woman's League ook kan betrek om randstene te verf nie. As die twee in kompetisie teen mekaar gaan, is die hele dorp se randstene geverf nog voor jy jou oë uitgevee het! Dit sal 'n eerste wees!!!! Indien jy bang is dat julle jul vingers gaan verbrand, het jy die regte ding gedoen, verduidelik die werking van die Droom as gemeenskaps projek aan hulle en dat niemand kan bekostig om ENIGE POLITIEKE HEMP AAN TE TREK NIE . Fokus liever op die gemeenskap. Hulle het geen agendas en verwag niks terug nie. Onthou jy gaan ook besighede kry wat net iets wil doen as hulle iets daaruit gaan kry. Dieselfde geld vir hulle.

Dan is daar kerke (AGS Dox Deo) wat as gemeente wil betrokke raak asook die VLU ens. ens.

**Antwoord:** Almal van Moslem tot Joods bly in die land en die Droom het primêr een doelstelling – versoening. Die Droom sluit dus geen geloof uit nie en verwelkom hul bydrae.

Wat moet ons beleid daarvoor wees?

**Antwoord:** Geen beleid, vra net of hulle bereid is om hulle gemeenskap by te staan, ja of nee.

My gevoel sê dat persone moet as individue aansluit en hul agendas by die deur los.

**Antwoord:** 100%! Jy leer vinnig!

Hoe hanteer jy dit?

**Antwoord:** Ek is geen meester nie en het ook nie al die antwoorde nie. Al wat ek met jou deel is die ondervinding wat ons as gemeenskap opgedoen het tydens ons Bonnievale-droom. Net so belangrik is dit dat ons weer uit mekaar se ondervindinge leer.

Dan is daar besighede wat reeds betrokke is deur byvoorbeeld gras te sny of wat materiaal wil skenk. Hoe gee ons vir hulle erkenning?

**Antwoord:** Plaas julle berigte in die koerante, met foto's waar die eienaars werksaam is en stuur dit ook aan die gemeenskap in julle weeklikse nuusbriewe. Dit motiveer weer ander en hulle kry erkenning.

**STRUKTUUR EN WERKING:** Gegrand op ons ervaring met die eerste projek en om veral die slangetjies te hanteer, stel ek die volgende struktuur voor. Dit kom in kort neer op 'n baie klein bestuurspan/ funksies wat mense ko-opteer soos en wanneer nodig. - 100%

Ek wil nie in 'n lomp besluitnemingsproses vasval nie maar ook nie (te veel!) oorkom as 'n diktator nie!

**Antwoord:** Antwoord aan 'n ander Droom koördineerder:..... Onthou "Theirs a fine line between assist and taking over" byvoorbeeld as ek in jou dorp plekke sou begin bel vir borge, vat ek oor en help ek jou nie meer nie, en ontnem ek jou van jou trots om dit self te doen. Ek sê nie dat jy dit doen nie!!!!!! maar ons sit hier met so waardevolle potensiaal wat kan oorloop na julle dorp dat julle dit mooi moet hanteer. Pasop dat die mun dit vir politiek wil gebruik, dan kry jy weer nie almal om saam te werk nie. Ek is baie opgewonde vir julle part, en sal help waar ek kan.

My voorstel is om die struktuur te volg vir die eerste klomp projekte (fase 1) wat teen November voltooi moet wees. Ons kan dan in Januarie 'n vergadering met alle Dromers belê vir die volgende fase. - Great!

### **Paul Roux - DPAUL**

Winter in Paul Roux is seker een van die lekkerste tye wat ons het, veral 'n dag soos vandag waar 'n mens voor die kaggeltjie kan kuier. Tog het 'n mens 'n mate van hartseer oor al die mense en diere wat vandag ook dalk in 'n minder bevoorregte posisie is om warm te kry? So kan ek darem die goeie nuus gee dat ons een projek om die lewe van honde makliker te maak in ons "township" volgende week, 18 Julie begin. Die program word by Regotsofetse Hoërskool begin o.l.v. 'n baie bekwame onderwyseres, Mev Susan Naude wat Lewensoriëntering gee. So het ek en sy die week een hele middag spandeer aan die projek en ons program lyk soos volg:

18 Julie 2012 - Bekendstelling van die Tema: "Caring for yourself through caring of dogs" Die kinders gaan 'n werksopdrag kry waarmee hulle die hele kwartaal besig sal wees. Die werksopdrag sluit die lees van 'n storie van 'n hond wat aan 'n ketting vasgemaak is, die kyk van 'n video "How to become your dog's best friend", en 'n hondeskou kompetisie, asook 'n plakkaatkompetisie waarin die kinders moet aandui hoe honde versorg moet word. Kinders wat nie self honde het nie sal in 'n "Buddy" sisteem opgeneem word waar hulle hulle maats wat honde het, sal help om die honde te versorg.

25 Julie 2012 - "How to become your dog's best friend" video word by die skool vertoon aan al die kinders. Daarna sal die kinders terugkeer na die klas en 'n groepsbespreking oor die video sal plaasvind.

27 Julie 2012 - Al die kinders wat ingeskryf het vir die hondeskoukompetisie se huise word besoek en foto's word geneem van hulle saam met hulle honde.

10 Augustus 2012 - Die kinders se huise word weer besoek en 'n tweede ronde van foto's word geneem van hulle en hulle honde.

7 September 2012 - Die kinders se huise word weer besoek en 'n derde ronde van foto's word geneem. Hulle moet ook hulle plakkaat wat hulle gemaak het, inhandig.

21 September 2012 - Om 14h00 die middag bring die kinders wat hulle honde ingeskryf het hulle honde skool toe en word die weners van die hondeskou asook die plakkaatkompetisie aangekondig. Van ons pryse gaan hondekos, komberse vir die honde, 'n kontantprys en trofees vir die weners wees en ons is in die proses om te onderhandel met maandelik donateurs. Ons is ook huidiglik besig om met die staatsveearts te onderhandel om ook op 21 September 2012 by die skool te wees om die honde wat ingeskryf is te ondersoek en 'n hondsdoelheid inspuiting vir hulle te gee. Ek moet Mev Susan Naude bedank. Haar werksopdrag vir die kinders van Graad 10 en 11 wat by die projek betrokke gaan wees het Vrydagoggend op my lessenaar gelê sodat ek daarna kan kyk. Groete

Renee Wolfaardt, Paul Roux Inwoners Forum/COWola Training Centre

Selnr: 082 304 7006

### **KIRKWOOD – ULRICA EN MASINGA**

Hi Theuns, I get my friends who are willing to help me and who are willing to travel an extra mile to face this challenging task, so far I managed to get six guys from the community. Firstly I want to correct by saying this is not for my club its for the SUNDAYS RIVER VALLEY area and all clubs who are coming from this vast area. I am the chairman of the SRV Local Football Association under the umbrella of SOUTH AFRICAN FOOTBALL ASSOCIATION (SAFA).

We have 31 clubs in our area 6 playing in Regional League (3rd division) and 5 junior divisions U/9,U11,U13,U15 AND U17's. We don't have any sponsorship except Build-It who sponsor only under 13 division. We are very happy about this initiative and I promise you that we will try our best to achieve this by working as team and we will involve all people of the community to assist in order to get our main aim playable soccer field.

1. Today we went to the field and we took more pictures because Friday we didn't go through the back yard of the rugby field. We notice that there is a lot of job we should do.
2. Players will start on Thursday the 12th July to clean.
3. We also took our pic and we'll approach one of the community welder to help us to build other side of the main gate. We need 222 (two hundred and twenty two) slabs and 10 (ten) concrete poles. To prevent unwanted access in the field during the work.
4. We will ask one of the farmers to place top soil.
5. Irrigation should implement to upgrade.
6. We will try municipality to assist on grass seed or Build-it shop.
7. We will ask community plumbers to fix toilets.
8. Painting and repairing the stadium, We will do this task.
9. This is the community field and it belong to Moses Mabhida residents. The ownership and maintenance of this field depend onto the people of the community.



Masinga op die verwaarloosde sokkerveld wat hulle self gaan regruk.



### KAREEDOUW BRIEF

By die vergadering was daar gevra vir voorstelle. Om vir julle dit makliker te maak heg ons hierby aan 'n google kaart opgedeel in zones. Kyk by watter zone jy wil betrokke raak. Sodra ons almal se terugvoering ontvang het sal ons julle in kennis stel sodat ons by mekaar kan kom om dit te bespreek en projekte te identifiseer.

Koop asseblief die "Our Times" Woensdag 11 Julie -- berig oor droom en groepsfoto verskyn daarin. Ons is ook nou op Facebook -- Kareedouw Droom.

### STEPHEN BOSHOFF DROOM ONDERSTEUNER

Ek wil net noem dat u werk, wat ek nou dikwels van gehoor het op Radio Sonder Grense en op die internet nagevors het, besonders is. Die belangrikheid daarvan, en toekomste uitkomst, op soveel maniere, is meer as wat enige persoon kan bepaal of voorspel. Ek is 'n stadsbeplanner met hoofsaaklik publieke sektor ondervinding en het onder andere die Stad Kaapstad se "Dignified Spaces" program jare terug begin. Helaas, so 70 projekte later is dit onlangs afgewater. Ek het nie u intreprenuers-inslag nie, maar as ek op enige manier kan help, laat weet. Dit sal 'n voorreg wees. Ek heg my CV aan. Beste groete Stephen Boshoff

### IRYNA DOUGLAS

Hi Theuns! Ons eerste dorpverfraaiingsvergadering is geskeduleer vir Wo 25/7. Ek sien baie uit daarna. Moet se (sonder die kappie – weet nie waar hy vanaand is nie) ons dorp lyk al skonder met ons deurlopende weeklikse vuilgoedoptel bydraes. Ek probeer, soos my tyd my toelaat, weeklikse briefies uitstuur saammet die swartsakke. **Jy soek iemand om te vertaal – Una Cilliers -: 082 804 2545.** Dit is hoeka sy wat my in verbintenis met julle gesit het. Mooi wense,

Iryna